# Die Here is nader as wat jy besef



**2025-02-16**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Die Here is naby

Ps 145:14 Die HERE ondersteun almal wat val, en Hy rig almal op wat
neergeboë is. 15 Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op
die regte tyd. 16 U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met
welbehae. 17 Die HERE is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy
werke. 18 Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom
aanroep in waarheid. 19 Hy vervul die wens van die wat Hom vrees, en
Hy hoor hul hulpgeroep en verlos hulle. 20 Die HERE bewaar almal wat
Hom liefhet, maar Hy verdelg al die goddelose. 21 My mond sal die lof
van die HERE uitspreek, en laat alle vlees sy heilige Naam loof vir ewig
en altyd.

2

# Naby gebrokenes

Ps 34:19 Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.



Psa 34:2 Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees. 3 My siel sal hom beroem in die HERE; die ootmoediges sal dit hoor en bly wees. 4 Maak die HERE saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef! 5 Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered.

3

# Die Here is nog naby

Jes 55:6 Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.



4

# Die koninkryk het naby gekom

Mat 3:1 In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa 2 gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Mat 4:17 Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.



5

# Jesus is nader as wat jy dink

Joh 20:11 Maar Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe 12 en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het. 13 En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. 14 En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie. 15 Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem. 16 Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester.



6

## Die Trooster en Jesus se vrede is met ons

Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.



7

## Loof die Here en bid met danksegging


Psa 34:2 Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees. 3 My siel sal hom beroem in die HERE; die ootmoediges sal dit hoor en bly wees. 4 Maak die HERE saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef! 5 Ek het die HERE gesoek, en Hy het my geantwoord en my uit al my vrees gered.

Fil 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.



8

**Die Here is nader as wat jy besef.**



9